



Kraggakamma
Gemeente
Dis is God se fontein van liefde

Kuberkamma

20 Oktober 2019

2 Korintiërs 5 vers 7

"Want ons leef deur te glo en nie deur te sien nie."

Vertoon die e-pos nie korrek nie? [Klik hier om die nuusbriëf eerder op die internet te lees.](#)

Program vir die Dag

08h30 Eietydse diens in die kerkgebou
09h45 Kategese
10h00 Klassieke diens in die kerkgebou
Die deurdankoffer gaan vir Bybelgenootskap

Program vir die Week en die vakansie

21 Oktober	12h45	Gebedskild in gebedskamer
22 Oktober	19h00	Leef@Kerk
23 Oktober	18h00	Dagbestuur
25 Oktober	05h00	Mannebyeenkoms by Elandré Bosch, Lilylaan 68
	18h00	Fonteinvriende Kosverkoping
27 Oktober	08h30 en	Hervomingsfees
	10h00	Tiende maand Dankoffer
	15h00	Lofsang Geleentheid in die kerk deur Cantando@Algoa en ander kore
28 Oktober	18h30	ViA Afsluiting in die saal.

[Die kommunikamma is van Saterdag op die webwerf beskikbaar.](#)

Nuusbrokkies

Sake vir gebed

Bid vir almal wat betrokke is by die Bybelgenootskap. Lees [hier](#) meer oor die Bybelgenootskap.

[Lees asseblief biddend](#) die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

17de Algemene Sinode

Tydens die afgelope week het die 17de Algemene Sinode van die NG Kerk in Boksburg bymekaar gekom.

[Kliek hier vir meer inligting.](#)

[Kliek hier vir die persverklaring oor selfdegeslagverhoudings.](#)

Preke

Ds MG se preek van 13 Oktober is op die [webwerf](#) beskikbaar.

There4-Bedieninge:

Hierdie week se **gebedsversoek** is vir Christene in Qatar:

Bid saam met Christen trekarbeiders in Qatar wanneer God hulle geleentheid gee om die liefde van Christus te betoon aan hul werkgewers wat hulle mishandel. [Foto](#)

Verjaarsdae

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

20 Oktober	Stefan Conradie, Amelie Vlok
21 Oktober	Tommie Redpath, Lezinda Scholtz, Therese Stapelberg en Louis Vorster
22 Oktober	Benji de Lange, Paul Kloppers, Nadine Mc Cabe, Doris Schmidt en Marisa Smith
23 Oktober	Cathrina Coetzee
24 Oktober	Dalene Pagel, Vanessa Schoeman en Joey Vivier
25 Oktober	Anna Coetzee
26 Oktober	Tiaan Grobler, Debbie Janse van Vuuren, Jean-Mari Mulder, Dominique van Niekerk en Issie Vosloo



Padkos

Gebed is nie 'n transaksie met God nie

Gebed is nie een of ander onderhandeling met God nie. Gebed gaan nie oor myself nie - nie volgens die Ons Vader nie. Gebed gaan heel eerste oor God. Dit plaas al die fokus op Hom, nie op myself en al my behoeftes of versoeke nie. Gebed verskuif die soeklig weg van myself. Dit laat my wegkyk. Dit laat my opkyk. Dit laat my vir God beter raaksien in geloof. Ja, ek mag ook bid vir my porsie daaglikse brood. Ek moet! Maar dan gaan dit oor daaglikse brood, nie oor selfsugtige versoeke en selfgerigte behoeftes nie. Ek mag aanklop aan die hemelse deur. Ek mag by die Here hulp kom vra. Ek mag smeek en pleit. Dit doen ek sonder om enige gesprek met die lewende God te probeer dikteer. In elk geval het ek niks in my hande om mee te onderhandel as ek voor die Here kom staan nie. In verwondering kyk ek altyd op na Hom. Voor Hom daag ek op in nederigheid, soos wat [Jakobus 4](#) my leer om te doen. Vir elke stukkie genadebrood uit Sy hand is ek eindeloos dankbaar. Aan God se voete kom ek regtig tot rus. En tot vrede! [Goeie Nuus deur Stephan Joubert <http://www.ekerk.org/>]

Kuergroete tot volgende keer

[2019-07-28]



Skandeer die Kraggakamma Gemeente SnapCode om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van SnapScan te betaal. www.getsnapscan.com